

11

JESUS IN GETSEMANE Ek bid ook wanneer ek bang is

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle kan bid as hulle bang is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat gebed die manier is waarop mense met God praat.
- dat Jesus gebid het toe Hy bang was.
- hulle kan ook bid as hulle bang is.
- wat God se liefde beteken.
- God wil ons ook bystaan as ons bang is.

Gesindheid

Die kinders moet –

- God vertrou.
- vrymoedigheid hê om vir die Here te sê as hulle bang is.
- dankbaar wees dat hulle vir die Here kan vra om hul vrese weg te neem.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- leer hoe om te bid.
- in staat wees om die verhaal te vertel.

MEER INLIGTING (Matteus 26: 36-46)

Jesus en die dissipels het uit die stad uitgegaan na Getsemane toe. Getsemane was 'n tuin buitekant die stad. Dit was donker en doodstil daar, en hulle was alleen.

Jesus het geweet Hy gaan binnekort gevang en gekruisig word. Daarom was Hy baie bang.

Weet julle wat het Hy gedoen toe Hy so bang was? Hy het gaan bid. Hy het vir die dissipels gesê: *Sit hier en wag vir My, terwyl Ek daar gaan bid. Petrus, en julle twee, sê Hy vir twee ander dissipels, kom julle saam met My. Die res van julle wag hier vir My.*

Hulle het dieper in die tuin ingegaan. Jesus het hartseer en baie bang gevoel. Toe sê Hy vir die drie dissipels by Hom: *Julle moet hier bly en saam met My wakker bly.*

Toe gaan Hy 'n entjie verder. Daar waar Hy alleen was, het Hy gekniel met sy gesig teen die grond en gebed: *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie vreeslike ding nie met My gebeur nie. Maar U moet nie doen wat Ek wil nie, U moet doen wat U wil.*

Hy gaan toe terug na Petrus-hulle toe. En wat kry Hy? Hulle was vas aan die slaap! Jesus sê toe vir Petrus: *Kon julle nie eens een uur lank saam met My wakker bly nie? Ek gaan weer bid. Kyk of julle nou kan wakker bly.*

Jesus het toe weer gaan bid, weer vir God gevra dat die vreeslike ding nie met Hom moet gebeur nie. Maar Hy het ook gesê as die Here wil hê dit moet gebeur, dan is dit goed so. 'n Mens moet altyd tevrede wees dat die Here sal laat gebeur wat Hy wil hê moet gebeur.

Toe Jesus terugkom, het die dissipels weer geslaap. Hulle was te moeg en kon nie wakker bly nie. Hy gaan toe maar weer terug en los hulle dat hulle slaap. Weer het Hy gebed dat God Hom moet help, maar as dit God se wil is dat Hy gekruisig moet word, dan sal Hy doen wat Hy moet doen. Dan sal Hy tevrede wees as hulle Hom vang en gaan kruisig.

Toe Jesus klaar gebed het, het Hy baie beter gevoel. Hy was nie meer bang nie en was gereed vir dit wat Hy moes doen. God het sy bangwees weggeneem en Hom sterk gemaak vir dit wat Hy moet doen.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:

- Wat het hulle die kerkgebou in die Bybelse tyd genoem? (*'n Tempel.*)
- Wat in ons kerkgebou lyk anders as in die tempel? (*By ons is daar 'n preekstoel.*)
- Wat gebeur op die preekstoel? (*Die dominee preek uit die Bybel.*)
- Hoekom gooi ons geld in die sakkie na die erediens? (*Om vir die Here dankie te sê vir alles wat Hy vir ons doen.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Voer inleidende gesprek aan die hand van die volgende vrae:

- Was julle al ooit baie bang vir iets?
- Waarvoor was julle bang?
- Wat het julle gedoen toe julle bang was?
- Vandag gaan ons kyk wat Jesus gedoen het toe Hy baie bang was.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Jesus in Getsemane. Die inligting is in 'n vorm wat net so gebruik kan word.

IETS BELANGRIK

Skerp die feite weer in met die volgende vrae en gee die regte antwoorde waar nodig:

- Waarheen het Jesus en sy dissipels gegaan nadat Jesus die Nagmaal ingestel het? (*Na Getsemane, 'n tuin buite Jerusalem.*)
- Hoekom was Jesus baie bang? (*Jesus het geweet Hy gaan binnekort gevang en gekruisig word.*)
- Wat het Jesus gedoen toe Hy bang was? (*Hy het gaan bid.*)
- Wat moes die dissipels doen terwyl Jesus gaan bid het? (*Hulle moes saam met Hom wakker bly.*)
- Wat het Jesus gevra toe Hy bid? (*My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie vreeslike ding nie met My gebeur nie. Maar U moet nie doen wat Ek wil nie, U moet doen wat U wil.*)
- Wat was hierdie vreeslike ding wat Jesus gevra het nie met Hom moet gebeur nie? (*Om gekruisig te word.*)
- Wat het die dissipels gedoen terwyl Jesus gebid het? (*Hulle het aan die slaap geraak.*)
- Hoeveel keer het Jesus gaan bid? (*Drie keer.*)
- Het die vreeslike ding toe met Jesus gebeur? (*Ja, Hy is gekruisig.*)
- Het dit Hom gehelp toe Hy gebid het? (*Ja, want Hy het geweet wat die Here laat gebeur, is die beste.*)
- Wat moet jy doen as jy baie bang is vir iets?

IETS OM TE DOEN

Voer gesprek oor wat gebed is en hoe 'n mens kan bid. Laat die kinders tuin toe gaan, na 'n stil plekkie indien moontlik. Hulle kry dan kans om elkeen self 'n kort gebed te doen. Hulle word gehelp as hulle nie kan nie, sodat hulle dan ook kan leer om te bid.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die prentjie in hul boekies by die huis gaan inkleur en volgende keer kom wys.

Leer

- Laat hulle Matteus 26: 39 gaan leer: *Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.*
- Laat hulle die volgende feite gaan leer:
 - Jesus en sy dissipels het na Getsemane gegaan om te bid.
 - Jesus was baie bang, want Hy het geweet Hy gaan gekruisig word.
 - Jesus het gaan bid toe Hy bang was.
 - Jesus het gevra dat Hy nie gekruisig moet word nie.
 - Jesus het gebid: *Nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.*
 - Ek moet ook bid as ek bang is.

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 548: 1 en 4, en sluit dan af met gebed.

*Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly.
Selfs wanneer ek bang is, weet ek Hy's naby.*

*Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly.
Ek is nooit alleen nie, Hy is saam met my.*